BEWARINGSHANDVES

VAN DIE SUID-AFRIKAANSE JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING

Opsteller: Gerhard Verdoorn
Maart 2007

1. Aanhef.

    a. Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging onderskryf die volgende bewaringsbeginsels in ooreenstemming met die Wêreldbewaringsbond (die IUCN):

        i. Bewaring is die volhoubare benutting van die natuur en alle natuurlike hulpbronne.
        ii. Bewaring is 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid waarin die vereniging die bestuur en benutting van die natuur en alle natuurlike hulpbronne met ander sektore van die gemeenskap deel.
        iii. Bewaring uit die die vereniging se oogpunt word op inheemse natuurlewe van Suid-Afrika gefokus.
        iv. Bewaring beteken gelyke beregtiging tot die voordele van volhoubare benutting van die natuur en alle natuurlike hulpbronne vir alle lede van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.
        v. Bewaring sluit die konsep van jag as 'n volhoubare benuttingsaktiwiteit in – dit is reeds deur die IUCN erken as een van die belangrike bydraende komponente tot bewaring in suidelike Afrika.
        vi. Bewaringsaktiwiteite moet op bevolkings van spesies gerig wees en nie op~~e~~ indiwidue van die spesies nie omdat bevolkings belangriker as indiwidue is.
        vii. Bewaringsaktiwiteite moet die habitat van spesies as die belangrikste komponent van die spesie se voortbestaan insluit.
        viii. Bewarings van *ex situ* bevolkings van spesies is van min waarde tensy dit as uiters noodsaaklik geag word vir die voortbestaan van die spesie.
        ix. Bewarinsgsaktiwiteite kan nie net op skaars en bedreigde spesies gefokus word nie; alle spesies benodig bewaringsaktiwteite.

2. Verbintenis.

    a. Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging verbind homself tot:

        i. Die aktiewe deelname van die vereniging aan die formulering van beleid, wette, ordonnansies en regulasies op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak wat natuurbewaring in Suid-Afrika reguleer.
        ii. Die ondersteuning, onderskrywing en bevordering van alle statutêre beleid, wette, ordonnansies en regulasie betreffende bewaring insluitende volhoubare

benutting binne die raamwerk van Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996).

iii. Die ondersteuning van die statutêre bewaringsorganisasies se bewaringsaktiwiteite binne die raamwerke van volhoubare benutting, gelyke beregtiging en die statutêre beleid, wette, ordonnansies en regulasies.

iv. Die ondersteuning van nie-staatsbewaringorganisasies wat die beginsels van volhoubare benutting onderskryf en ondersteun, se bewaringsaktiwiteite binne die raamwerk van volhoubare benutting en binne die raamwerk van gelyke beregtiging.

v. Die vestiging van, en direkte deelname aan 'n verskeidenheid bewaringsaktiwiteite van inheemse natuurlewe wat alle moontlike biota mag insluit, in Suid-Afrika.

vi. Die bevordering van bewaringsbeginsels en etiek onder alle lede van die vereniging, ander jagters en lede van die publiek.

vii. 'n Onafhanklike en pragmatiese benadering tot bewaringsaangeleenthede wat nie bepaal of beinvloed sal word deur enige skenkers, borge, vennote of korporatiewe lede en sienings of invloed nie.

3. Deelname aan bewaringsaktiwiteite en ondersteuning daarvan.

   a. Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging moedig sy lede aan om aan die volgende bewaringsaktiwiteite deel te neem of dit te ondersteun:

      i. *In situ* bewaringsaktiwiteite vir inheemse spesies fauna en flora, binne hul gedefinieerde natuurlike habitats en verspreidingsgebiede, waar sulke bewaringsaktiwiteite as noodsaaklik vir die volhoubare benutting en voortbestaan van die spesies aangedui is.

         1. Bewaringsaktiwiteite waarvoor daar goedkeuring deur staande etiese komitees verleen is indien sulke aktiwiteite die vang, hantering, verdowing, doodmaak of aanhou van wilde diere insluit.
         2. Bewarinsgaktiwiteite waar navorsing gedoen word ten einde inligting te bekom wat vir die bestuur en voortbestaan van die spesie belangrik is.

      ii. *Ex situ* bewaringsaktiwiteite vir inheemse spesies fauna en flora slegs waar sulke aktiwiteite as uiters noodsaaklik vir die voortbestaan van sulke spesies deur internasionaal erkende bewaringsinstansies aangedui is.

      iii. Bewaringsaktiwiteite wat daarop gemik is om habitat te beskerm, te herstel of te hervestig sodat die ekologiese stelsel en ekologiese prosesse wat daar behoort te funksioneer, wel kan funksioneer.

      iv. Bewaringsaktiwiteite wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die breë, en nie indiwidue nie, sal bevoordeel.

      v. Opleiding van studente wat in natuurbewaring en aanverwante rigtings aan erkende akademiese institute studeer.

   b. Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging weerhou hom daarvan om aan die volgende projekte of aktiwiteite deel te neem of dit te ondersteun:

      i. Projekte waarby uitheemse spesies betrokke is tensy dit die beheer en bestuur van sulke spesies beteken.

      ii. Rehabilitasie van inheemse spesies fauna waar daar nie daadwerklike noodsaaklikheid daarvoor bestaan of waar daar nie gerigte hervestiging van die gerehabiliteerde diere gedoen word nie.

iii. Projekte waar privaatinstansies of private indiwidue die voordeel uit die projekte sal trek.
iv. Projekte waar die ekologiese onderbou en habitat van die spesie nie as deel van die projek aangespreek sal word nie.
v. Projekte waar diereregte die ondertoon van die aktiwiteite is.
vi. Projekte waar inheemse spesies aangeteel word tensy dit as uiters noodsaaklik vir die voortbestaan van die spesies aangedui is.
vii. Projekte waarin die beeld van die vereniging skade berokken kan word as gevolg van aktiwiteite en slegte publisiteit.
viii. Projekte waarin die behandeling van diere onmenslik geag mag word.
ix. Projekte wat die vang, hantering, verdowing, doodmaak of aanhou van wilde diere insluit en waarvoor daar nie goedkeuring by staande etiese komitees verkry is nie.
x. Projekte wat hoofsaaklik akademiese navorsing is en nie tot die bestuur en voortbestaan van die spesies sal bydra nie.

c. Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging kan na sy eie goeddunke die volgende items tot goedgekeurde bewaringsprojekte bydrae:

i. Kundigheid.
ii. Fondse indien beskikbaar.
iii. Mannekrag.
iv. Toerusting.
v. Publisiteit.

4. Uitvoering van die bewaringshandves.

a. Die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging sal sy bewaringshandves tot uitvoering bring deur die artikels soos vervat in paragrawe 2 en 3 op alle vlakke binne die vereniging te bevorder, te aktiveer en waar nodg te befonds.